

Ds. A. W. C. Bester
Warmbad, Suidwes-Afrika
19 Mei 1968

Onderwerp: Wedergeboorte

Lees: Johannes 3
Tekst: Johannes 3 vers 3
Sing: Psalm 68 vers 13; Gesang 75 vers 4;
Gesang 62 vers 6

“Die Jode het van heinde en verre gekom om die Pasga te vier. Ons lees: “Baie het in Sy Naam geglo, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy doen.” Jesus het egter aan die geloof van baie van hulle nie waarde geheg nie. Daarom lees ons: “Maar Jesus het Homself nie aan hulle toevertrou nie”. Baie se geloof was oppervlakkig en alleen maar gegrond op die sigbare tekens wat Jesus gedoen het.

“Daar was egter die heerlike uitsondering van een man wie se geloof dieper gesetel was. Hy het ook die tekens wat Jesus gedoen het, gesien en die hand van God daarin gesien. So ernstig was hy in sy soeke en in sy geloof dat hy in die nag na Jesus gegaan het. Hy wou heeltemal alleen wees met die groot Leraar wat deur God na hierdie wêreld gestuur was. Hy wou desnoods die hele nag deur met Hom in ’n geestelike gemeenskap wees. Dit was vir hom ’n saak van lewens-erns en lewensbelang.

“Een ding was hy van seker. By Jesus sou hy ’n antwoord vind op baie vrae in sy hart. By Jesus sou hy rus en tevredenheid vind vir sy onstuimige gemoed.

“Wie was hierdie man? Nikodemus was sy naam. ’n Man uit die Fariseërs. Laat ons hom egter nie hieroor veroordeel nie, want daar was ook goeie Fariseërs - mense wat dit ernstig in hulle geestelike lewe bedoel het. En so was Nikodemus. Hy was openhartig en opreg, streng godsdienstig, konserwatief en tog was sy oë oop vir die werke van God. Hy was ’n soeker na die waarheid en na Lig.

“Hy was ook ’n belangrike man in sy omgewing - ’n lid van die Joodse Raad. Skrifverklaarders meen dat hy ’n man was met baie grade en titels agter sy naam. Hoe wonderlik en aangrypend is dit egter dat hierdie waardige bekleër - hierdie teologiese outoriteit - sy toevlug na Jesus neem. Jesus die eenvoudige Rabbi uit Nasaret, die timmerman se seun uit Galilea.

“Net so aangrypend was ook die gesprek wat daar gevoer is.

“Jesus sê vir hom: “Dit verseker ek jou, as iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die Koninkryk van God nie sien nie. Jesus daal dadelik af na die kernvraag wat in Nikodemus se hart was. Trouens Jesus is die kenner van harte en lank voor ons vra, weet Hy wat die probleem en behoefte is.

“Die kernvraag by Nikodemus was - hoe om die Koninkryk van God te beërwe.

“Soos so baie ander het hy die Koninkryk van God vir hom verkeerdelik voorgestel. Soos sy Joodse genote het hy ’n herstel van die Joodse nasie verwag.

“Broeders en susters, daarom is die eerste wat Jesus vir Nikodemus wil sê, dat sy voorstelling van die Koninkryk van God radikaal foutief is. As iemand nie wedergebore word nie, kan hy die Koninkryk van God nie sien nie. Julle Jode - so wil Jesus vir hom sê - begryp so weinig van die aard en voorwaardes waarop ’n mens hierdie Koninkryk kan binnegaan.

“In die eersteplek is my Koninkryk nie van hierdie wêreld nie. Die Koninkryk van God bestaan in niks anders nie as die oprigting van sy troon in die harte van mense. En die voorwaarde om aan hierdie Koninkryk van God deel te hê, lê nie in die bevryding van die Romeinse mag óf om lidmaat te wees van die Joodse nasie nie. Al voorwaarde om deel te hê in sy Koninkryk lê in ’n revolusie van die hart - innerlike omsetting en ’n geestelike wedergeboorte.

“Nikodemus en sy stamverwante het gemeen dat daar verlossing uit die Romeinse slawerny en tirannie sou kom en daarmee saam volkome verlossing. En hierin was hy volkome reg, maar hierdie nuwe orde sou kom langs ’n ander weg as wat hulle verwag het. Nikodemus het gemeen dat daar ’n nuwe orde van dinge sou kom - ’n nuwe beter wêreld dus. Die tirannie, verdrukking en slawerny sou ophou en volkome vryheid en geluk sou heers. Hierin was hy volkome reg, maar hierdie nuwe orde sou die gevolg wees van die nuwe mens.

“Alles moet begin by die middelpunt van die mens se hart. Hier moet eers die grootste ommekeer plaasvind.

“En waarom moet daar ’n ommekeer plaasvind? Omdat die mens se hart, ja, die hele mens se natuur verdorwe is.

“Op die vraag van die Kategismus: “Is ons so verdorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige

goed en geneig tot alle kwaad” kom die antwoord: O ja, beslis. Niemand kan in die Koninkryk van God ingaan sonder wedergeboorte nie. Die mense se natuur is so verdorwe dat hy die Koninkryk van God nie self kan ingaan nie. En die wêreld is verdorwe omdat die mens so verdorwe is.

“As die mens se hart dus vernuut is en daar wedergeboorte plaasvind, dan eers kan die mens in die Koninkryk van God ingaan.

“En soos Jesus antwoord, so antwoord die Kategismus. Luister: “Ja, tensy ons deur die Gees van God wedergebore word.”

“Die Kategismus is nog steeds besig met die leerstuk van die mens se ellende. Die onderwyser probeer nog steeds aan die leerling se verstand tuis bring dat hy ellendig, sondig en geneig is tot alle kwaad. Die Kategismus gebruik die woordjie verdorwe, wat eintlik beteken om iets stukkend te breek sodat dit onbruikbaar is. So is die mens inderdaad wat in sonde lewe. Die krag van die sonde - wie sal dit kan peil? Die verderf is vol prosesmatige aksie - daar is ’n voortsetting en ontwikkeling sonder einde en hy rus nie totdat die mens te sterwe lê en hy geheel en al onbruikbaar vir die Koninkryk van God is nie. Hierin word geen mens uitgesluit nie. Ons, u almal en ek, is verdorwe sê die Kategismus. En ook Nikodemus.

“Sekerlik was dit harde woorde vir ’n Jood. As seun van Abraham het hy gemeen dat hy oor allerlei voortreflikhede beskik. Hy het gemeen dat hy op grond van sy afstamming die Koninkryk van God fluit, fluit sou binnegaan. En bowendien, hy was geen Verlore Seun nie. Hy het immers nie sy lewe weggegooi in die vuil slyk van sonde nie. Hy het in die Teologie gaan studeer en ’n ortodokse, fyn besinde, regdenkende leraar geword. Hy het opgeklim tot lid van die hoogste raad van die Jode - die Sanhedrin.

“En nou moet hierdie man uit die mond van Jesus verneem dat geeneen van sy voortreflikhede en eerwaardighede, nie een van sy titels en grade hom enige voorrang verleen nie. Nee, hy kan die Koninkryk van God ook nie binnegaan nie, tensy hy weer gebore word. Hy is en bly geneig tot alle kwaad en onbekwaam tot enige goed tensy hy weer gebore word.

“Sy ortodoksie, dit is aan flarde geskeur. Dit baat hom niks. Al sy eregrade en doktorstitels en dekorasies - ag, daar lê dit in die vuur - dit smeul tot as.

“Ag hoe duidelik is God se Woord tog nie. Broers en susters, hier ontmasker Jesus nie die moordenaar of

die gemene inbreker nie, maar wend Hom tot die fatsoenlike, hoog-aangeskrewe predikant van Israel.

“En net so geld dié woord vir ons - almal - wie ons ook mag wees. Predikant, ouderling of diaken of staatsamptenaar of boer.

“Jesus sien die bron van alle kwaad in die mens. Dieper as alle geneeshere sien Hy dat die wortel van alle ellende, die sonde is. Sy diagnose van ons krankhede is onvergelyklik. Die oorsaak van die nood van die mens en hierdie wêreld is die sonde in die hart.

“Daarom moet die innerlike lewe, waar die sonde sy setel het, verander word. In die hart moet die groot ommekeer plaasvind. Nie morele herbewapening nie, maar geestelike wedergeboorte is die redding van die wêreld.

“As die mens se natuur verander, sal die dinge daarmee saam verander. En dit is net moontlik deur een Verlosser. Niemand kom na die Koninkryk van God sonder wedergeboorte nie.

“Nikodemus het egter weinig van Jesus se antwoord begryp, daarom sê hy: “Hoe kan ’n mens as hy oud is, weer gebore word? Hy kan tog nie ’n tweede keer in sy moeder se skoot ingaan nie?”

“En dit is wat die Kategismus ons diep wil laat voel. Om die beeld van die dokter te gebruik: hy sit by die siekbed van een met ’n ongeneeslike kwaal. Die persoon kyk vol verwagting en hoop om genesing na die geneesheer. En dan moet hy sy kop skud en verklaar: “Hier is geen hoop meer nie! En bewus van die beperktheid van die mens se vermoë en sy wetenskap, toevoeg: “tensy daar ’n wonder gebeur.”

“Broers en susters, net so erg is dit met die mens gesteld. Na Jesus se diagnose kom die gevolgtrekking. Ons ellende, die verdorwenheid, is so groot, dat daar geen hoop meer vir ons is nie. Tensy daar ’n wonder gebeur. Tensy ons deur die Gees van God wedergebore word.

“Broers en susters, wat hier ’n wonder is, is dat dit alleen God is wat dit kan doen. “Wat uit die Gees gebore is, is gees.”

“Die geboorte uit die gees is die begin van ’n nuwe skepping en net so ’n wonder as die natuurlike geboorte! Die nuwe geboorte is selfs ’n groter wonder, want dit begin nie by niks nie, maar by die kwaad.

“In Christus word die kwaad oorwin en in Christus word ’n nuwe skepsel gebore!

“So ’n mens staan dan in ’n nuwe verhouding tot sy God. Nuwe gevoelens vervul sy hart. Nuwe doeleindes

gee besieling aan sy dade. Nuwe beginsels gee leiding aan sy wil. Sy kragte bly dieselfde, maar dit is vernuwe - dit word aan die diens van God gewy. 'n Verandering het oor hom gekom - soos 'n verandering van die natuur na die reën.

“Sy omgewing bly dieselfde, maar hyself het totaal verander. Hy sien dinge nou anders. Dink maar aan die verskil - die een mens sien net die vuil modder daarbuite; die ander sien die son wat oor die vuil modder skyn.

“Wat jy sien hang af van watter soort mens jy is.

“En Jesus Christus, die leraar wat Nikodemus daardie nag onderrig het, Hy het tot die verdorwe wêreld gekom om wonders te verrig, om die mens te verander, radikaal te verander, sodat hy wat slaaf van Satan was, kind word van die Hemelse Vader.

“Elkeen wat in die Seun glo, sal nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe hê.

“Amen.”

Dominee Bester het sy preek gebaseer op die *Heidelbergse Kategismus*, waarna hy verwys het met 'n kantaantekening:

“H K (*Heidelbergse Kategismus*)

“Son (Sondag) 3. Vrg (Vraag) 8:

“Maar is ons so bedorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad?

“Antwoord: ‘Ja, tensy ons deur die Gees van God weer gebore word.’”

Die *Heidelbergse Kategismus* is 'n opsomming van die Bybel, met 'n lys van verse wat elke spesifieke boodskap in die Bybel ondersteun. Dit kan dus beskou word as 'n inhoudsopgawe van die Bybel.

Dit is op Frederik III se versoek tussen 1559 en 1576 geskryf deur Zacharius Ursinus, professor in Teologie aan die Universiteit van Heidelberg, Duitsland, in samewerking met sy Teologiese fakulteit; en Caspar Olevianus, die predikant van Frederik III. Dit is aanvanklik geskryf as 'n handleiding vir Sondagskool en om leiding te gee aan predikante en onderwysers. Dit is tydens die Sinode van Dort (1618 - 1619) aanvaar en het daarna een van die *Drie Formuliere van Enigheid* van die Gereformeerde leer geword. Dit bestaan uit 52 seksies, met elke seksie bedoel as 'n Sondagskoolles vir elke week, vir 'n jaar lank.